education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A (30 punte)
   AFDELING B (60 punte)
   AFDELING C (60 punte)

2. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat op LU3 fokus:

   - VRAAG 1: Epiese Teater
     (*Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage* of *Kanna Hy Kô Hystoe*)
   - VRAAG 2: Teater van die Absurde
     (*Afspraak met Godot*, *Die Kaalkop Prima Donna* of *Bagasie*)

   Beantwoord EEN van die twee vrae.

3. AFDELING B bestaan uit AGT vrae wat op LU3 en spesifieke toneelstukke uit die Suid-Afrikaanse teaterbeweging fokus:

   - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
   - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
   - VRAAG 5 (*Woza Albert!)*
   - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
   - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
   - VRAAG 8 (*Groundswell*)
   - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
   - VRAAG 10 (*Mis*)

   Beantwoord TWEE van die agt vrae.

4. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae wat op LU1 en LU4 fokus. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. In VRAAG 13 is daar 'n keuse tussen drie vrae (VRAAG 13.1, 13.2 of 13.3).

5. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen. Dit is nodig sodat kandidate die geleentheid het om die vereiste keuses te maak.

6. Die gewig van die LU's vir die vraestel in geheel is soos volg:

   LU1 – 20% (30 punte)
   LU3 – 60% (90 punte)
   LU4 – 20% (30 punte)

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

**BEANTWOORD EEN VRAAG:**

**VRAAG 1: EPIESE TEATER**

**OF**

**VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE**

## VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* ÓF *Moeder Courage* ÓF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

> "Brecht se hoofdoel was om die 'illusie' of die 'spieël na die werklikheid' te vernietig soos deur die Realisme aangebied. Om dit reg te kry, het hy verskeie tegnieke gebruik met die doel om die gehoor se aandag daarop te vestig dat hulle in 'n teater is, in plaas daarvan dat hulle na 'n droomwêreld van fantasie weggevoer word."
>
> [*Future Entrepreneurs*]

1.1 Bespreek in 'n opstel die verskillende tegnieke wat in die Epiese Teater gebruik word om die gehoor daaraan te herinner dat hulle 'n teateropvoering bywoon en nie in 'n 'droomwêreld van fantasie' is nie. Ondersteun jou antwoord deur na die epiese drama te verwys wat jy bestudeer het. ('n Minimum van 300 woorde.) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

> plakkate en baniere; Erwin Piscator; Karl Marx; Verfremdungseffekt; historifikasie; tablo; didakties; Realistiese Teater; Berliner Ensemble; *Oh What a Lovely War*; episodies; Marxisme; Epiese Teater

1.2.1 Hierdie persoon het Brecht geïnspireer en hy het geglo dat die teater gebruik moet word as 'n instrument om maatskaplike verandering te bewerkstellig

1.2.2 Die naam van die teatergeselskap wat Brecht begin het

1.2.3 Die Duitse woord vir vervreemding

1.2.4 Die plasing van die drama in 'n ander plek en tyd

1.2.5 Hierdie vorm van teater gebruik 'n kombinasie van vertelling en dialoog

1.2.6 'n Stil of gevriesde 'beeld' wat betekenis uitdruk en dikwels deur Brecht gebruik is in tonele wat skares voorgestel het

1.2.7 'n Term wat gebruik word om 'n drama te beskryf wat 'n les oordra

1.2.8 Brecht het Epiese Teater geskep in teenstelling met hierdie teatervorm

1.2.9 Die tipe struktuur wat Brecht in sy dramas gebruik het

1.2.10 Die filosofie wat Brecht se werk ondersteun het (10)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE**

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* ÓF *The Bald Soprano* ÓF *Bagasie* bestudeer het.

"Ek voel regtig dat die lewe soos 'n nagmerrie is, dat dit so pynlik en onuithoudbaar is soos 'n nare droom. Kyk net rondom jou: oorloë, katastrofes, rampe, haat en vervolging, die dood wat orals wag. Dit is afskuwelik, dit is Absurd."

*Ionesco*

In die Teater van die Absurde is die ruimte en tyd (milieu) 'n direkte weerspieëling van die mens se innerlike geestelike ingesteldheid. Dit is 'n voorstelling van die wêreld uit die dramaturg se perspektief.

[*Future Entrepeneurs*]

2.1 Bespreek die hooftemas in die Absurde drama wat jy hierdie jaar bestudeer het. Verduidelik in jou opstel hoe hierdie temas weerspieël word in die opvoerruimte van die drama. (Skryf 'n minimum van 300 woorde.) (20)

2.2 Beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Watter filosofiese bewegings het die grondslag van die Teater van die Absurde gevorm? (2)

2.2.2 Noem TWEE filosowe wie se idees die absurde beweging en Teater van die Absurde sterk beïnvloed het. (2)

2.2.3 Beskryf kortliks in 'n paragraaf die gebruik van taal in Absurde dramas. (4)

2.2.4 Noem TWEE dramaturge wie se werk as Absurde Teater beskryf is. (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

**DAAR IS AGT VRAE IN HIERDIE AFDELING.**
**BEANTWOORD SLEGS TWEE VRAE WAT HANDEL OOR DIE TWEE DRAMAS WAT JY BESTUDEER HET.**

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Lena: Hier?
*[Boesman maak sy keel skoon en spoeg. Sy wag 'n paar sekondes langer vir 'n woord van hom, draai dan stadig en gaan na hom toe. Die bondel vuurmaakhout wil van haar kop afval. Met haar laaste bietjie krag laat sak sy die bondel hout. Haar verligting terwyl sy dit doen, is amper pynlik. Sy gaan stadig sit. Vir 'n paar sekondes sit sy net en rus, haar kop tussen haar knieë, sy haal diep asem. Dan strek sy vorentoe en vryf met haar vinger tussen die tone van een van haar voete. Daar kom 'n stuk modder los tussen die tone. Sy kyk daarna en druk dit fyn tussen haar vingers.]*
Modder! Swartkops!
*[Sy kyk nou na die wêreld rondom haar vir die eerste keer – sy ken dit goed – sy kyk dan hoër op, soekend na iets.]*
Te laat nou. *[Pouse]* Daar's een.
*[Dit is duidelik dat sy na 'n voël staar. Saggies …]*
Jou moer!
[*Sy kyk vir 'n paar sekondes langer daarna, skarrel dan op haar voete en wys met 'n vuis na die voël.]*
Jou moer!
[*Boesman kyk na haar, dan na die voël, dan weer na Lena. Haar oë volg die voël terwyl dit uit haar sig sweef.]*
So stadig …! Wat 'n gevoel moet dit nie wees nie, hè. Selfs jou skaduwee so swaar dat jy dit op die grond los.
*[Sy sit weer, selfs meer uitgeput nou as gevolg van haar uitbarstings. Sy vryf die modder tussen haar ander tone uit terwyl sy praat.]*

3.1 Beskryf hoe jy die akteur/vertolker sal lei om die rol van Lena te speel wanneer sy vir die voël skree wat in die lug vlieg. (6)

3.2 Verduidelik die funksie van die noukeurige verhoogaanwysings soos dit in die uittreksel voorkom. (5)

3.3

> *Boesman en Lena* is irrelevant (nie van toepassing nie) in vandag se demokratiese Suid-Afrika. Dit is geskryf om teen die apartheidsbeleid van Suid-Afrika te protesteer.

Bespreek die geldigheid (waarheid) van die bogenoemde stelling deur spesifiek na die teks te verwys.

Jy kan in jou antwoord TWEE van die volgende bespreek:

- Historiese agtergrond
- Maatskaplike omstandighede
- Politieke omgewing
- Kulturele agtergrond
- Ekonomiese konteks (5 x 2) (10)

3.4 Skryf 'n voorstel aan jou Dramatiese Kunste-onderwyser waarin jy redes gee waarom volgende jaar se skoolproduksie *Boesman en Lena* moet wees. In jou voorstel moet jy die voordele bespreek om hierdie drama op te voer. Verwys ook na die gebruik van tegniese elemente soos rekwisiete, beligting en kostuums binne die beperking van klein skoolbegrotings. (9)

**[30]**

**VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| MAGADLEMZINI: | Calm yourself … |
| TEACHER: | *[beside himself]*: Listen, a great war is coming. *[as he speaks uNosilimela rises to her feet oblivious of all around her]* The city of Johannesburg is no more! *Consternation. AmaQhashi refuse to believe, are shocked, cry out in fear, ask questions. Then bombs and explosions are heard all around them. The ground shudders. In the midst of the chaos uNosilimela speaks, her voice clear above the noise and confusion.* |
| uNOSILIMELA: | The words of uMvelinqangi have come true! The prophecy has been fulfilled! Now is the time to act. |

4.1 Credo Mutwa het die drama *uNosilimela* in 1973 geskryf en dit is opgevoer drie jaar voor die 1976-Soweto-skoolopstande. Bespreek wat die doel van die drama in die Suid-Afrikaanse samelewing was gedurende hierdie geskiedkundige tydperk. (5)

4.2 Noem TWEE eienskappe wat te kenne gee dat *uNosilimela* 'n epiese drama is. (2 x 3) (6)

4.3 Watter profesie (reël 9) het waar geword in die drama? (3)

4.4 Bespreek die rol van vroue in die samelewing soos voorgestel deur die vroulike karakters uNosilimela en Kimamereva. (4)

4.5 As die regisseur van *uNosilimela*, beskryf hoe kostuums gebruik kan word om die karakter van uNosilimela te weerspieël. Jy kan die volgende stadiums in uNosilimela se 'reis' gebruik:

- Aan die begin van die drama voordat sy uNamdozolwana klap
- Wanneer sy by die sendingstasie bly
- Wanneer sy in die sjebeen in Johannesburg bly
- Aan die einde van die drama wanneer sy huis toe gaan (12)

**[30]**

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BRON A – Inleiding tot *Woza Albert!***

There are no theatres in Black townships: performances happen in halls – churches, schools, community centres – sometimes in cavernous (big) cinemas. There are minimal facilities – few lights, no fixed seats, no carpets. High-heels sound. Cold-drink can roll. Babies cry. Friends call to each other. Drunks heckle. People come and go. Performers must fend for themselves – and they do – in the broad, loud, triumphantly energetic 'township' style …

5.1 Verwys na BRON A hierbo en beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Beskryf die stemming en atmosfeer in die township-opvoerruimtes waarin opvoerings plaasgevind het. (2)

5.1.2 Noem TWEE probleme wat 'n akteur sou ervaar wanneer hy/sy in hierdie tipe opvoerruimte sou optree. (2)

5.1.3 Indien jy in so 'n ruimte moes optree, wat sou jy doen om hierdie TWEE probleme op te los sodat jy die gehoor se aandag kan behou? (4)

5.1.4 Bespreek of die dramas wat in hierdie ruimtes opgevoer is, as suksesvol beskou kon word. (4)

5.1.5 Noem die teaterproses wat gebruik is om *Woza Albert!* te skep. (2)

5.1.6 Wat is die TWEE voordele wanneer hierdie metode gebruik word om 'n drama te skep? (4)

**BRON B – Uittreksel uit *Woza Albert!***

*Lights up, dim, on Mbongeni as Auntie Dudu, an old woman, wearing a white dust-coat as a shawl. She is searching a garbage bin (upturned box). She eats some food, chases flies, then notices the interviewer. She speaks very shyly.*

Mbongeni: Hey? My name is Auntie Dudu. No work my boy, I'm too old. Eh? (Listens) If Morena comes to South Africa? That would be very good. Because everybody will be happy and there will be lots and lots of parties. And we'll find lots of food here – (indicates the bin) – cabbages, tomatoes, chicken, hot-dogs, all the nice things white people eat. Huh? (Receives tip.) Oh, thank you, my boy. Thank you, Baba. Inkos'ibusise. (God bless) God bless you. Bye bye, bye bye …
*A fly buzzes close. She chases it.*

5.2 Verwys na BRON B hierbo en beantwoord dan die vrae wat volg:

5.2.1 Verduidelik hoe Mbongeni homself transformeer, deur die gebruik van sy liggaam, stem en kostuum, om die karakter van 'Auntie Dudu' te speel. (6)

5.2.2 Noem EEN struikelblok wat Mbongeni ('n manlike akteur) moet oorkom wanneer hy die rol van die vroulike Auntie Dudu speel. (2)

5.2.3 Die vuilgoeddrom is 'n omgekeerde boks. Gee TWEE ander voorbeelde van hoe hierdie boks gebruik is om die stel te skep. (2)

5.2.4 Hoe sou Mbongeni op 'n fisiese manier wys dat die karakter met wie Auntie Dudu praat, 'n onsigbare onderhoudvoerder is? (2)
**[30]**

**VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP**

Al die bronne hieronder verwys na die gedwonge verskuiwings wat in Sophiatown plaasgevind het.

Bestudeer die TWEE bronne hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BRON A – Eertydse inwoners vertel hul stories**

"Dit was baie moeilik vir my om die huis te verloor waarin ek gebore is," sê Patricia Mokoena-Harvey, wat in Gibsonstraat gewoon het. "Kinders het geskreeu en gehuil. Hulle het nie verstaan wat gebeur het nie – en dit was baie koud en het gereën. Dit was traumaties."

"Apartheid was baie sleg. Ons ouers het sjebeens besit en toe die polisie kom, het dinge baie sleg geword," sê Joane Mogoboya. "Hulle het my pa geboei en het my ma gedwing om 'n kis bier op haar kop te dra totdat die polisiemanne wat haar beveel het om dit te doen, skofte gewissel het."

Toe die gedwonge verskuiwings bekend gemaak is, het die inwoners van Sophiatown saamgestaan om daarteen te protesteer en hulle het toe die bekende slagspreuk geskep: "Ons dak nie, ons phola hier." (Ons sal nie trek nie.)

**BRON B – Uittreksel uit *Sophiatown***

Fahfee: These Boere, they are very tricky. Three days early they came, and we weren't prepared. There were two thousand G-men lining the streets. Everywhere, there were slogans on the walls:'We won't move.' 'This is home.' 'Hands off Sophiatown.' But what could we do against eighty lorries and two thousand police? We tried to organise a general stayaway. At three o' clock the following Monday morning we ran through the streets hitting the telegraph poles with iron bars. Wake up!

6.1 Jou skool voer die drama *Sophiatown* op. Skryf programnotas aan die gehoor waarin jy die volgende insluit:

6.1.1 Hoe beklemtoon die drama *Sophiatown* die polisie se behandeling van die sjebeen-eienaars? Verwys na BRON A (reëls 5 – 7). (6)

6.1.2 Skryf 'n slagspreuk vir die omslag van die program (sonder om aanstootlike woorde te gebruik) om die mense van Sophiatown se gevoel oor hul verskuiwing te weerspieël. (2)

6.1.3 Stel 'n karakterskets of -profiel van Fahfee op, wat 'n verduideliking insluit van hoe hy aan sy naam gekom het. (10)

6.2 Die bronne hierbo verwys na die gedwonge verskuiwings in Sophiatown. Bespreek, in 'n omvattende paragraaf, hoe hierdie tema op 'n dramatiese manier in die drama, *Sophiatown*, aangebied word. Verwys in jou antwoord spesifiek na die teks en die bronne hierbo. (12)

**[30]**

**VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Thando: (*Coming back into the living room*): Stop it! Both of you! I've made up my mind. I am going to Johannesburg with you Mandisa. With or without your permission, Daddy. About London, that is another matter. I'll let you know later.

Sipho: Even if he is dead he is still taking from me.

Thando: What do you mean? Why do you keep saying that? What is this 'taking' about?

*They sit.*

Sipho: When my father died in 1987 Themba could not come to the funeral. It was too dangerous for him to come back. The UDF took over my father's funeral.

Mandisa: Why?

Sipho: It was Comrade Themba's wishes. They turned my father's funeral into a political rally. There were twelve speakers. One after the other, talking about Themba's father. I sat there like a stranger. I paid for the coffin. I paid for all the funeral arrangements. I even paid for the food they were all eating. But I was just Comrade Themba's brother. They whisked his coffin away, carried it shoulder high and ran with it all the way to the cemetery. My aunts and uncles could not keep up with them. The police were all over. It was chaos. Kids were toyi-toying, taunting the police to shoot them … I ran behind the coffin. At the graveyard I was not even the first to throw soil on the coffin. No, it was the delegates first. The songs went on forever. The police could not take it any more. They fired teargas right at the graveyard. People began to run. Old ladies coughing and crying. I stood there, right over my father's coffin. I did not run. I wanted the police to shoot me right there. I had had enough of it all. When the dust settled, the police gone, the comrades gone, it was just Rev. Haya and the undertaker and me still standing there. The teargas did not affect us at all it seemed. Rev. Haya said a prayer and I buried my father. I alone filled the grave with the soil, planted the cross with his name, date of birth and date of death. Lala mgoxolo mfo wase MaCireni. I then said a little prayer and said goodbye to my father. I apologised for the chaos. I was very angry at Themba for doing that to my father.

7.1 Hoe behoort die aktrise wat die rol van Thando vertolk, die sitkamer binne te kom en die woorde in reël 1 – 4 te sê om aan die gehoor te kommunikeer hoe moeilik die besluit vir haar was? (4)

7.2 Wie is die 'he' na wie Sipho in reël 5 verwys? (1)

7.3 Hoekom sê Sipho: 'he is still taking from me' (reël 5)? (2)

7.4 Die drama is realisties, maar Sipho het baie monoloë waar hy op die verhoog is met een of beide van die vroulike karakters. Verbeel jou dat jy die regisseur is van hierdie toneel.

7.4.1 Waar sou jy vir Thando en Mandisa plaas gedurende Sipho se monoloog (reël 13 – 33)? (2)

7.4.2 Verduidelik hoe jy die akteurs wat die rolle van Thando en Mandisa vertolk, sou vra om fisies te reageer terwyl Sipho sy monoloog lewer. (6)

7.4.3 Watter raad sou jy gee aan die akteurs wat die rolle van Thando en Mandisa vertolk om seker te maak dat hulle nie konsentrasie verloor (hul karakters behou) gedurende Sipho se monoloog nie? (5)

7.5 Bespreek John Kani se besluit om in sy drama, *Nothing but the Truth*, eerder te fokus op die lewe van die gewone mens en nie op die *struggle*-held of 'n prominente politieke aktivis nie. (10)
**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

8.1 Lees die volgende uittreksel uit 'n resensie deur Kobus Burger in *Beeld*, 1 November 2006:

> Die drama fokus op 'n klein, eenvoudige en baie persoonlike verhaal, maar Bruce kry dit reg om die persoonlike met gemak in die universele te omskep.
>
> Een aand se gebeure in 'n gastehuis naby Port Nolloth sê alles oor die verhoudingsdinamika in die huidige Suid-Afrika.
>
> Bruce sê dalk meer as wat enige TV-debat, koerantartikel of man op straat ooit gewaag het om te sê.

8.1.1 Gee 'n beskrywing van die intrige (storielyn) van die drama wat deur die resensent beskryf word as 'n 'eenvoudige en baie persoonlike verhaal'. (6)

8.1.2 Bespreek hoe die volgende persoonlike ervaringe waar is op 'n universele vlak:

- 'n Onopgeloste verlede
- Die gevoel dat jy êrens hoort en die kwessie van identiteit
- Skuld, aanklag en bevryding (12)

8.1.3 Stem jy saam met die onderstaande stelling?

*Bruce sê dalk meer as wat enige TV-debat, koerantartikel of man op straat ooit gewaag het om te sê.*

Motiveer jou antwoord deur te verwys na die unieke doel van teater vir hedendaagse gehore. (4)

8.2 Lees die volgende stelling wat gemaak is oor die karakter, Johan:

| |
|---|
| Wanneer Johan op die verhoog verskyn, kom hy voor as 'n eenvoudige, liewe en moontlik eensame individu. Wanneer die handeling die klimaks bereik, is hy 'n komplekse metafoor vir baie van die onuitgesproke politiek, vooroordele en vrese wat ons as Suid-Afrikaners steeds probeer om te verwerk. – Bruce Dennil |

Jy is die regisseur van die drama, *Groundswell*. Gee leiding aan die akteur deur die veranderinge wat die karakter, Johan, ervaar, duidelik te bespreek sodat die akteur sy veranderinge (transformasie) geloofwaardig kan vertolk. (8)

**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Bespreek die volgende aspekte van die bou van *Siener in die Suburbs* in kort paragrawe:

9.1.1 Die eksposisie (4)

9.1.2 Die motoriese moment (die spesifieke insident wat die aksie begin) (4)

9.1.3 Die klimaks (2)

9.1.4 Veronderstel jy is die regisseur van *Siener in die Suburbs*. Teken die skets hieronder oor in jou ANTWOORDEBOEK en dui aan waar jy die karakters Giel, Tjokkie en Albertus sal plaas tydens die openingstoneel waar Giel vir Albertus vertel van sy onderonsie met die Jood. Gee 'n rede vir jou plasing van die karakters. Maak gebruik van die volgende sleutel wanneer jy die karakters aandui:

A – Albertus
T – Tjokkie
G – Giel




(6)

9.2 Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> 'Die karakters se verset is nie net teen 'n onregverdige lewe gerig nie, maar is ook 'n onderlinge verset teen mekaar.'
>
> [Erika A Pienaar uit: *Beeld en Bedryf*]

9.2.1 Jy moet leiding aan die akteurs gee wat die rolle van Tjokkie en Tiemie vertolk. Maak aantekeninge waarin jy die stelling hierbo motiveer sodat die akteurs die karakters oortuigend kan vertolk. (10)

9.2.2 Gee 'n kort beskrywing van die kostuums wat geskik sou wees vir Tiemie en Tjokkie in 'n opvoering waarvan jy die regisseur is. Motiveer kortliks jou keuse van kostuums. (2 x 2) (4)

**[30]**

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 Die ruimtes in die drama versterk die tema van vasgevangenheid en bevryding.

10.1.1 Bespreek die binneruimte en die buiteruimte soos dit in die drama voorkom. (6)

10.1.2 Hoe ervaar Meisie die kontraste in hierdie ruimtes? Verwys na voorbeelde uit die teks om jou antwoord te motiveer. (4)

10.1.3 Verduidelik kortliks of jy as gehoorlid kan identifiseer met Meisie se ervaring van die ruimte. (2)

10.2 Beligting word op baie verskillende maniere in die drama gebruik.

Veronderstel jy is die beligtingsontwerper van die drama. Wat sou jou motivering wees vir die gebruik van die volgende tipes lig?

10.2.1 Sagte lig van die olielamp (3)

10.2.2 Flikkerende sirkusliggies (3)

10.3 As klankontwerper sal jy klank gebruik om die atmosfeer en betekenis in die drama oor te dra.

Verduidelik hoe die volgende klankeffekte atmosfeer en betekenis in die drama versterk:

10.3.1 Wind (6)

10.3.2 Musiek (2)

10.4 'Rituele verhoog dramatiese spanning – dit vorm die dryfkrag wat die drama laat vorentoe beweeg; dit maak die storie interessant.'

Motiveer hierdie stelling deur TWEE rituele in die drama kortliks te bespreek. (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING**

**VRAAG 11**

Lees die uittreksel uit *District Six – the Play* deur David Kramer en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| Goldman: | In a few years' time this place will be like a graveyard. And then it came to me. That's what we need. A gravestone. Something solid that won't break or disappear. Like granite. Like the stones of the Seven Steps. |
| Nines: | What do you mean … the Seven Steps? |
| Goldman: | Well, to save them from the bulldozers. They going to dig them up anyway so they may as well give them to me. So that's where I'm going now. To the council. |
| Nines: | For what? |
| Goldman: | For permission. So when the time comes, I can keep the Steps. |
| Nines: | And what about my permission? |
| Goldman: | Your permission? |
| Nines: | Seven Steps is mos my territory. Nobody gonna touch those Steps unless I say so. |
| Goldman: | Oh, very interesting. Why don't you go tell that to the Government? If they knew you weren't happy, I'm sure they'd stop immediately. |

Hieronder volg 'n vrye vertaling van die uittreksel hierbo:

| | |
|---|---|
| Goldman: | Oor 'n paar jaar sal hierdie plek soos 'n begraafplaas wees. En toe besef ek. Dit is wat ons nodig het. 'n Grafsteen. Iets wat solied is en nie sal breek of verdwyn nie. Soos graniet. Soos die stene van die Sewe Trappe. |
| Nines: | Wat bedoel jy ... die Sewe Trappe? |
| Goldman: | Wel, om hulle te red van die stootskrapers. Hulle gaan hulle in elk geval opgrawe, so hulle kan dit maar vir my gee. So, dis waarheen ek nou gaan. Na die stadsraad. |
| Nines: | Vir wat? |
| Goldman: | Vir toestemming. So, wanneer die tyd aanbreek, kan ek die Trappe hou. |
| Nines: | En wat van my toestemming? |
| Goldman: | Jou toestemming? |

Nines: Die Sewe Trappe is mos my gebied. Niemand raak aan daardie Trappe sonder dat ek so sê nie.

Goldman: O, baie interessant. Hoekom gaan sê jy nie dit vir die regering nie? As hulle geweet het dat jy nie gelukkig is nie, is ek seker dat hulle onmiddellik sou gestop het.

11.1 Hoe sou jy deur middel van stem 'n aanduiding gee van die beletselteken in reël 4 (soos aangedui deur die volgende leesteken: '...')? (1)

11.2 Hoe sou jy as akteur dit regkry om 'n eentonige stempatroon te vermy wanneer jy die vrae in reëls 4, 8 en 10 vertolk? (4)

11.3 Regverdig die dramaturg se gebruik van die *slang*-woorde 'mos' en 'gonna' in reëls 12 – 13. Verwys na die Engelse weergawe van die uittreksel. (4)


11.4 Beskryf die wisselinge in stemtoon wat jy sou gebruik indien jy die rol van Goldman in hierdie toneel sou vertolk. (6)

**[15]**

**VRAAG 12**

Verwys na die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



Ellis Pearson en Bheki Mkhwane is 'n unieke Suid-Afrikaanse span. Hulle werk al 15 jaar saam en deel 'n passie vir dieselfde soort teater. Bheki se agtergrond is in township-teater en Ellis se agtergrond is geanker in fisiese teater. 'Ons kombineer hierdie verskillende invloede en die rykheid van ons diverse lewens op so 'n manier om ons eie styl te skep ...' Die paar is meesters in die kuns van vermaak, terwyl hulle ook 'n diepsinnige en universele boodskap lewer. Hul opvoerings is aktief en vol humor. Hulle toer deur die hele wêreld, insluitende nie-Engelssprekende lande, en kan by enige ruimte aanpas deur die gebruik van hul veeldoelige rekwisiete om hul opvoering te verryk.

[Aangepas uit: www.ellisandbheki.co.za]

12.1 Verduidelik wat bedoel word met die begrip *fisiese teater* (reël 3). (3)

12.2 Wat verstaan jy van die begrip *township-teater* (reël 3)? (2)

12.3 Bespreek watter fisiese vaardighede 'n akteur moet hê om deel te wees van hierdie span. Verwys in jou antwoord na die volgende: die foto's hierbo, die beskrywing van die span 'Ellis en Bheki' en jou kennis van opvoerings. (6)

12.4 Gee TWEE redes waarom die akteurs hul produksie in nie-Engelssprekende lande kan opvoer (reël 7). (4)

12.5 As deel van jou Dramatiese Kunste-kursus, sou jy as 'n karakter in verskeie tonele saam met ten minste een ander speler opgetree het.

12.5.1 Kies EEN toneel wat jy goed onthou. Beskryf die situasie kortliks waarin EEN van die karakters hom-/haarself bevind, sowel as sy/haar persoonlikheid en emosies. (6)

12.5.2 Bespreek hoe jy en die ander speler(s) in hierdie toneel gebruik gemaak het van die verhoogruimte om die verhoudings tussen die karakters aan te toon. (5)

12.5.3 Evalueer die doeltreffendheid van jul finale opvoering van hierdie toneel vir formele assessering. Lewer kommentaar oor die teatervaardighede wat gebruik is en hoe en waarom (doel) hulle gebruik is. (4)

**[30]**

**VRAAG 13**

| |
|---|
| **KIES EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE:** |
| **13.1 LEWENDIGE OPVOERING OF** |
| **13.2 MEDIASTUDIE OF** |
| **13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL** |

Beantwoord EEN van die volgende vrae:

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

> 'n Drama/Produksie het sy oorsprong in geskrewe of mondelinge materiaal. Baie dramas word deur 'n dramaturg geskryf en word dan deur die regisseur en akteurs (rolverdeling) vir 'n opvoering geïnterpreteer. 'n Werkswinkelproduksie word deur 'n groep akteurs geïmproviseer en gewoonlik berei dieselfde groep die opvoering voor vir 'n gehoor. Dramas wat as 'n teks begin, het meestal ten doel om in 'n professionele teaterruimte opgevoer te word. Werkswinkelproduksies word dikwels slegs in gemeenskapsale, oop ruimtes of enige ruimte wat 'n gehoor kan akkommodeer, opgevoer.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die vorm en doel vergelyk van beide werkswinkel- en geskrewe tekste, deur te verwys na die konsepte wat hierbo bespreek is. **[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

Daar was baie negatiewe reaksie rakende MXit in die pers gedurende die afgelope paar jaar. Skryf 'n paragraaf waarin jy die sterk punte sowel as die swak punte van MXit as 'n mediavorm en 'n kommunikasie-instrument bespreek. Jy kan verwys na die gebruik van taal, die kliënt (dit is die persoon wat dit gebruik), die doel en aanbieding van hierdie mediavorm. **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| Die simboliese, dramatiese en verbeeldingryke aard van 'n inheemse drama neem die vorm aan van 'n narratiewe (vertellende) opvoering. Hierdie opvoeringsvorme kan die volgende insluit: *Jallikkattu* gedurende *Pongal* (Hindoe), *Ukubanjwa kwenkunzi* gedurende *Umkhosi wokweShwama* (amaZulu), *Kubanjwa kwenkunzi* gedurende *Incwala* (emaSwati). Hierdie opvoeringsvorme het gespesialiseerde narratiewe (vertel-) tegnieke wat nie staat maak op 'n populêre storielyn soos by hedendaagse (moderne) dramas nie. |

Skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek hoe die dramatiese narratiewe (storievertel-) tegnieke in 'n inheemse opvoering gebruik word om waardes, kennis en vaardighede van een generasie na die volgende oor te dra. Verwys na 'n voorbeeld van enige inheemse opvoeringsvorm wat jy bestudeer het. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou